GGSA Vaaldriehoektak

Nuus Varia

April 2007

GSSA Vaal Triangle

News Varia

April 2007

The AGM of the GSSA

The Annual General Meeting of the Genealogical Society of South Africa took place on 24 February 2007 at 09:00 at the Pinedene Inn, Pinetown and was hosted by the Durban & Coastal Branch.

There were 24 members present at the meeting. The full report of the National President Johann Janse van Rensburg is published in the latest edition of *Familia.*

Other specific reports:

Familia

Richard Ford thanked the editorial committee for their dedicated and helpful support during last year. The distribution of the printed edition increased from 661 in March 2006 to 678 in December 2006, and *eFamilia* from 257 to 351. This increase in readership; the increase of pages from 188 in 2005 to 196 in 2006; combined with the absence of criticism from readers, seems to indicate that the editor and his committee did their job reasonably well.

Technology

Paul Maré informed the meeting of the new approach that is being adopted regarding the management of memberships on the new format GSSA web page. The idea behind the concept is that each branch will have far more responsibility in keeping the branch page updated, with regards to activities and memberships.

Public Relations

In the absence of Isabel Groesbeek her valuable work was applauded. An attempt should be made again to get an article published in *The Farmer's Weekly* and *Landbouweekblad* regarding farm cemeteries.

Projects and Products

The report compiled by Petro Coreejes-Brink was entered for discussion. An appeal was made to all the branches to help with the updating of the projects and products as they appear on our web-site.

Cemetery Project

Errol Dollenberg unfortunately had to resign as co-ordinator of the Cemetery Project and a letter was sent to him on behalf of the GSSA thanking him for the great job he has done. Fanie Blignaut (convener of the Vaal Triangle Cemetery Project) was approached to head up the National project. He has indicated that he will be willing to take on the task.

Omnibus

Daan Hamman was applauded for the huge amount of work that he has put into Omnibus 3, having gone way beyond his initial brief of just taking publishable articles and putting them together in a presentable format.

Branch Reports:

Durban & Coastal

The branch has the data compiled by Ellen Stanton on Natal marriages. Johann Janse van Rensburg warns them that there might be a problem with copyright.

Eastern Cape

Chairman Gideon de V de Kock, thanked his branch committee for their contribution to what he believe has been a very successful year which started off with some serious problems.

Free State

Chairman Johan Pottas indicated that the branch intends placing articles in publications like the *Volksblad* supplement *Kontrei.* It also planned on a repeat participation at the 'Volksblad Kunstefees', since it was visited by many people and four new members joined. The idea is still that the magazine *Maiores* will only be in electronic format and will still be free of charge.

Natal Midlands

Jos said that they presented talks at retirement homes, but that the feedback is guiding them to re-think their strategy and the contents of the talk. They intend to participate in the Family History Fair that is hosted by the Archives and Voortrekker Museum.

West Gauteng

The branch is getting ready for the coming Hobby-X event, which has proved very successful in the past. The genealogical course presented by Dennis Pretorius, Lucas Rinken and Richard Ford, was also so successful that the branch is thinking of presenting another during the year or at least making it an annual event.

Western Cape

The exhibitions held in the Bellville library organised by Marianne Meyer and at the Archives during the Archive's open day were both very successful. The branch meetings moved from Pinelands to Goodwood during the year and bought a digital projector for power point presentations.

Persoonlike Berigte:

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat gedurende April verjaar:

2 Pieter de Klerk
17 Piet Lombard
21 Hennie Steyn
27 Suzette du Toit

Nominasie by NUK

Baie geluk aan Fanie Blignaut wat by die GGSA se AJV in Pinetown, aangewys is as die nuwe Begraafplaas Projek Koördineerder.

Oorsig van Bestuur

1. Ons vergader hierdie maand by die Driehoek Biblioteek omrede dit 'n openbare vakansiedag is en daar probleme met sekuriteit by die Universiteit mag ontstaan.

2. Terugvoer van GGSA Nasionaal se AJV. 'n Opsomming is gegee.

3. Sake voortspruitend: Ons Jaareindfunksie by "Magic Lawn" in Vereeniging word bespreek en "Florani" ook in Vereeniging sal besoek word vir meer besonderhede.

4. Fanie Blignaut oor die Begraafplaas Projek - daar sal weer later op 'n datum besluit word om klaar te maak.

5. Uitstappie na die LDS in Parktown - daar is volledig berig in die Nuus Varia van Maart deur Sampie Orton.

6. Grahame Naudé gee terugvoer oor die LDS Familie Navorsingsentrum in Vereeniging. Daar was baie navrae om dit weer op die been te bring. Die LDS in Parktown sal weer met hulle skakel om te onderhandel.

7. Tesourier - Die Begraafplaas CD 5 is by die NUK aangekoop, asook die Drakensteinse Huwelike. Elke lid kry ook 'n lede CD om te bestudeer.

Branch Reports - *continued*

Northern Transvaal

The branch now has a new chairman because of the illness of Thys van Wyk. The arrangement with the Voortrekker Monument seems to be sorted. The branch intends to continue with their participation of the Antique Fair during May and September. The NEC will contact the branch committee regarding the continuance of the Van Wyk-project, because of the size of the project currently. The branch also intends to investigate presenting genealogical tours on the basis that the Archaeological Society runs their tours. The meeting expressed interest and enthusiasm for the project.

eGGSA Jaarverslag 2006

Colin Pretorius sê dat die getal Afrikaanssprekende lede die afgelope jaar sterk toegeneem het en verteenwoordig tans sowat 56% van die ledetal. Een van die drie projekte wat hulle die jaar geloods het, was om spesifieke argiefvolumes wat reeds ernstig beskadig en onttrek is of wat op die punt staan om onttrek te word, te fotografeer en digitaal beskikbaar te stel, beide aan die genealogiese publiek en aan die argiewe. eGGSA het ook 'n fotodiens aan GGSA lede beskikbaar gestel. Die derde baie suksesvolle projek is die beskikbaarstelling op hulle webblad van geïndekseerde/kruisverwysde grafsteen-inskrywings in die Aflaaibiblioteek.

Noordwestak

Voorsitter Simon du Plooy kyk terug na 'n leersame 2006, en sien uit na 'n ewe genealogies-opwindende 2007. Op die gebied van bemarking en bekendstelling was die tak aktief en die volgende is gedoen: bekendstellingsdag te Potchefstroom Museum se "Antiki Dag"; onder leiding van Johan Vermeulen en hulp van Louw van Deventer is 'n bekendstellingsdag ook op Klerksdorp gehou; 'n Aardklop kursus in samewerking met Isabel Groesbeek; berigte en kennisgewings in plaaslike koerante.

Vaaldriehoektak

Die Vaaldriehoektak is in sy sewende bestaansjaar met 31 opbetaalde lede. Maandelikse byeenkomste is gereeld gehou met sprekers uit eie geledere asook gassprekers van elders. Die tak is van voorneme om by die Vaal Skou, GGSA bemarking en bekendstelling te doen en daar word ook goeie vordering gemaak met die Ou Parys Begraafplaas Projek. Voorsitter Engela Spaleck bedank almal vir hul aktiewe bydrae tot 'n suksesvolle voortbestaan van ons tak.

Verkiesing van GGSA Nasionale Uitvoerende Komitee Lede

President:	Johann Janse van Rensburg
Vise-President:	Isabel Groesbeek
Sekretaresse:	Elmien Wood
Tesourier:	André Heydenrych
Addisionele Lid:	Dennis Pretorius

Gekoöpteerde Lede van die NUK

Redakteur *Familia:* Richard Y. Ford
Redakteur en Samesteller van die Omnibus: Daan Hamman (bygestaan deur Faan Pistor)
Tegnologie: Paul Maré
Begraafplaasprojek Koördineerder: Fanie Blignaut

Toekennings:

Juna Malherbe - Uitnemende Genealoog; Richard Ball - Meriete Toekenning; Johan Pottas - Meriete Toekenning.

Ons gasspreker ANN TIRAN - voorgestel deur GERT SCHEPERS

Ann Tiran het in Vanderbijlpark kom kuier en Gert Schepers, wat met haar bevriend is, het haar genooi om die aand vir ons te kom kuier. Sy is al van die vroeë negentigerjare besig met haar navorsing en het dit onlangs ten boek gestel.

Hulle sê mos die Transvalers gaan Kaap toe, dan gaan steel hulle al die Kaapse oudhede. En dis presies wat Ann gedoen het. Ann het in Vaal High skoolgegaan, toe gaan studeer vir 'n onderwyseres en daarna het sy afgetrek na die mooie Kaap toe waar sy haar man ontmoet het. Hulle was maar twee jaar getroud toe haar man Johannesburg toe verplaas is waar hulle veertien jaar deurgebring het. Dis nou sestien jaar wat hulle weer terug is in die Kaap. Sy het in Noord-Rhodesië grootgeword. Haar pappie het einde 1957 teruggekom Suid-Afrika toe en by Yskor begin werk.

Wat haar boek aanbetref het sy nie oorspronklik beplan om 'n boek te doen nie. Francois Tiran, 'n Kuns Inspekteur in die Kaap, het in 1971 begin om 'n stamboom aanmekaar te sit vir sy kinders. Dit was moeilik daardie jare, daar was nie die geriewe wat ons vandag het om navorsing makliker te maak nie. Francois het gery van plek tot plek, hy het briewe geskryf, hy het oorsee gaan ry en die dorpie opgespoor waar hulle stamvader gewoon het, 'n dorpie hoog in die Alpe in Frankryk.

So deur die sewentiger- en tagtigerjare het sy in aanraking gekom met mense met die van Tiran. En in die tagtigerjare kom daar 'n vrou van Australië wat gesê het haar ouma was 'n Tiran wat met 'n Nel getroud is van Oudtshoorn - 'n Louis Nel - en Ann het gedink iewerste móét hulle familie wees - dit kon nie anders nie. Volgens haar skoonpa was sy pa die enigste kind, dit was toe nie so nie. (Sy wens hy het vandag nog gelewe sodat sy vir hom kon gesê het dat sy pa een van elf kinders was.)

Toe in 1988 kry sy 'n brief van Gordon Campbell wat soms briewe op die Engelse lys skryf wat ook navorsing oor die Tirans doen en sy hele stamboom saamgestel het. Ann het toe saam met hom en Francois gewerk om die Tiran stamboom te voltooi. In 1991 is haar man terug verplaas Kaapstad toe. Eendag het Gordon 'n besoek aan die Kaap gebring en haar saamgesleep na die argiewe toe. Van toe af was dit net navorsing en het sy daar geboer.

Genealogie is vir Ann soos 'n legkaart en 'n legkaart is nie voltooi as al die stukke nie inmekaar pas nie. In die argiewe het sy op die interessantste dokumente afgekom. Sy het onder andere op 'n brief afgekom wat haar man se oupa geskryf het toe hy nege jaar oud was aan 'n prokureur in Riversdal om grond te verkoop vir sy moeder. Al hierdie dokumente het sy getranskribeer en geliasseer totdat sy met net sulke dik lêers gesit het wat net aanhou groei het.

Op 'n dag so in die begin van 2002 het sy in George iemand gekontak met die naam Tiran Fourie. Sy ma was 'n Tiran en hy het 'n stamboom van sy familie. Onder andere was daar hierdie naam 'Bingle' en Ann weet dat sy geen inligting oor hierdie mense het nie. Sy skakel die vrou in Somerset-Wes en gaan besoek haar. Die dame het daar albums uitgehaal van foto's wat dateer van 1840 tot 1950. Agterop al die foto's is al die inligting van die mense. Ann het in haar boek oor die sewentig bladsye gebou met hierdie inligting van daardie kant van die familie. Daar was twee Tiran broers wat na Suid-Afrika toe gekom het. Ann sit toe met al hierdie navorsing en sy moes net eenvoudig iets daarmee doen. Dit moet gebind word.

Maar probleme met die drukwerk gaan jy ondervind. As jy geld het is dit nie 'n probleem nie, jy gaan na 'n drukker toe en sê vir hom, hier is my werk doen die drukwerk. Ann het probeer om dit op so 'n manier te doen dat die drukwerk nie te duur uitwerk nie. Sy het toe by 'n drukker uitgekom wat haar behoefte pas. Gewoonlik wil 'n drukker 100 boeke op 'n slag druk en jy moet dadelik R10 000 vooruit neersit. Hierdie drukker wat sy toe by uitgekom het druk die boeke soos sy dit wil hê. Hierdie maand bv. tien en oor tien maande nog tien. (Print on Demand).

Ann het al haar navorsing op Word gedoen, sy is nie so 'n fundi met rekenaars dat sy weet hoe om dit te doen nie. Op 'n tyd het sy amper al haar werk verloor omdat die 'file' te groot was. Ann het toe al die navorsing ge'split' - toe kom hulle met die storie hulle wil dit oorsit na 'n PDF lêer toe. Sy het met mense hieroor gepraat en hulle het vir haar gesê jy doen dit met die druk van 'n knoppie.

Maar hierdie mense by die drukker het nou al van verlede Augustus af haar boek. Hulle het dit nou al twee keer vir haar proef gestuur en elke keer as hulle dit vir haar stuur was daar foute in en glad nie soos sy dit wou gehad het nie. Hopelik as sy nou teruggaan Kaap toe is haar boek heeltemal reg soos sy dit wil hê. Die drukkers het dit gaan bind met 'n sagteband, sy was skoon beduiweld gewees, want sy het gevra vir 'n hardeband.

Toe Ann die navorsing begin doen het was die bedoeling dat dit net vir haar kinders sou wees, maar sy hoop dat ander iets daaruit sal kry.

Ons gasspreker PHILIP BLIGNAUT - voorgestel deur FANIE BLIGNAUT

Philip is 'n gebore Vrystater van Bethlehem. Hy het sy laerskool en hoërskool hier in Vanderbijlpark gedoen. Op 'n stadium het hy gaan studeer maar besluit om eerder by Yskor te begin werk as 'n programmeerder. Hiervandaan is hy Johannesburg toe en daarvandaan Kaap toe waar hy 'n pos by Nedbank aanvaar het. Fanie het met Philip kennis gemaak hier in die omgewing van 2002 toe hy begin het met sy navorsing.

Toe Philip so in 1980 se koers hier by die destydse Yskor begin werk het in die IT Afdeling was die heel eerste program wat hy moes skryf 'n struktuur vir een of ander iets. Na voltooiing van die program bekyk hy dit so en dog by homself, maar hierdie program is ideaal vir 'n stamboom waar jy kinders aan ouers kan koppel en so aan of hierdie familie aan daardie een. Hierdie program het hy daardie tyd nog in DOS geskryf met Clipper en D-Base.

Hy begin toe om sy ma se familie op te teken - die Ferreiras - sy ma is een van agt kinders - en haar pa was een van twaalf kinders - en sy pa was weer een van sestien kinders - so jy kan jouself "imagine" hoeveel kinders daar was - so 'n klein ontploffinkie van Ferreiras!

Op 'n stadium het een van sy ma se neefs Philip genader deur Janet Melville. Hy kon toe baie trots hierdie spul Ferreiras vir haar deurgee. Hierdie navorsing van hom is ook in die eerste Ferreira boek opgeneem. Dit het sy belangstelling begin prikkel. Hy het gedink hy hoef nie verder die Ferreiras na te vors nie - alles is alreeds gedoen tot by die stamvader en sy belangstelling gaan toe oor na die Blignauts toe.

Dit het hom vier jaar geneem om uit te vind wie sy oor-oupagrootjie Blignaut was. Philip het later by Juna Malberbe in Franschhoek uitgekom en na 'n groot gekrap en gesoek het hulle toe uiteindelik die hele spul Blignauts gekry.

Philip was toe klaar met die Ferreiras en die Blignauts. Daarna was dit die ander oumas se beurt. Hy begin toe terugwerk van homself af op boontoe. Op hierdie stadium moet hy sê het hy omtrent al so 60% van sy kwartierstaat voltooi. Twee Van Rooyens wat iewers wegkruip sal hy nog eendag kry, hy moet nog net die regte plek kry om hulle te gaan soek. Dan is daar nog so hier en daar 'n ander van waarmee hy sukkel. Uit ondervinding weet hy dat hulle op een of ander manier iewers gaan uitkom. Jy moet net geduldig wees. Hulle kom wel uit. Behalwe vir hierdie inligting wat hy nog kort het sy navorsing so half en half op 'n einde gekom en hy dog toe by homself - wat doen hy nou verder.

Philip begin toe navorsing doen oor al die Blignauts. Dit is waarmee hy nou al vir die laaste amper nege jaar mee besig is. Hy het ook dae en dae daar in die argief in Kaapstad gaan sit. Tobi Swart van Pretoria stuur gereeld vir hom al die boedel-kennisgewings. Piet Venter van Bloemfontein stuur weer die Sterftekennisse vanuit die argief daar. Philip het pakke en pakke Sterftekennisse, Huwelik- en Doopregisters. Hy het laaie vol. Ook by GISA is daar 'n dametjie wat vir hom die afskryfwerk daar doen.

Hy het nou so ongeveer 5 502 Blignauts alleen, daar is agtien spelvariasies van die van Blignaut. Baie van hulle is nog ongekoppel. Op sy webwerf www.blignaut.co.za is daar ongeveer 30 000 name wat al die aangetroudenes insluit. Hierdie databasis hou hy in sy sak en 'n kopie daarvan word by Alet Swanepoel gehou wat weer 'n kopie van haar werk vir Philip gegee het om te bewaar.

Philip se databasis op die internet is op die oomblik nog vry en gratis en verniet vir almal om te gebruik. Soos enige genealoog weet, is daar geen manier wat jy geld daaruit kan maak of jou geld kan terug-kry wat jy daarin gespandeer het nie. Vir hom is dit die moeite werd om sy navorsing op die internet te adverteer, want hy kry daagliks terugvoer van verskeie mense wat een of ander errata aan hom deurstuur. Geen genealoog kan waarborg dat sy navorsing absoluut 100% korrek is nie, foute sluip in.

Philip was so 'n paar jaar besig met sy navorsing. Hy vra eendag vir sy pa of daar 'n Familiebybel bestaan. Sy pa sê toe ja, het ek dit nog nie vir jou gewys nie. Hy het glad nie daarvan geweet nie. Philip het amper iets oorgekom. Mens kry gewoonlik baie inligting hieruit.

Een interessante ding wat hy op sy databasis het is twee Blignaut neefs met presies dieselfde name wat met twee Kilian niggies met presies dieselfde name getroud is op dieselfde dag in dieselfde kerk. En hulle het boonop nog saam op dieselfde plaas geboer. Nou hoe kry jy hierdie mense gekoppel. Daar is geen manier nie. So hier en daar kan jy half agterkom wie hoort by wie deur die getuies.

Philip gebruik die PAF program, die gratis een van die Mormoonse Kerk. Hy het baie programmetjies rondom die program geskryf. Een is 'n program soos GEDCOM wat hy gebruik.

Op Philip se webwerf is daar 'n foto van 'n interessante juwelekissie wat aan die stamvader Jan Blignaut behoort het.